# HSH – ONS DOEN DIE GEWONE DINGE BUITENGEWOON!

## WAARDE VIR KWARTAAL 4 : INTEGRITEIT

Nuusbrief 18/2019
8 November 2019

Ek moet bieg dat ek teen die skrywe van hierdie nuusbrief die Wêreldbeker Finaal al ses keer gekyk het. En dit raak elke keer net nog lekkerder! Ons HSH-kinders sing 'n liedjie met die volgende woorde: "Ons is die kampioene, sê duisende miljoene" en daardie liedjie bly die afgelope paar dae in my kop maal! Verder kon ek nie help om te glimlag toe een van ons ouers tydens die tweede helfte van die finaal skreeu: "Nou speel ons Hopefield rugby!" Lekker bly lekker en ek is baie bly dat Suid-Afrikaners hierdie goeie nuus kon kry. Ons het dit verseker nodig!

### 1. Staff

We are sad to report that one of our staff members, Mrs Lana Theron, has lost her husband after a long illness. Our deepest sympathy goes to her and her family.

We are glad to report that our terrain manager, Mr Freddie Pretorius, is recovering well. One of our parents is driving a BackaBuddy project where funds are raised for a prosthesis for Freddie. We are immensely grateful for all the contributions. If parents want to get involved with this very worthy project, you can follow the next easy steps:

1. Google BackaBuddy
2. Click on find a friend
3. Type in Freddie Pretorius and follow the instructions.

### 2. Leerderprestasies

Leerders van Hoërskool Hopefield het skitterend presteer tydens die ATKV se opstelwedstryd. Die uitslae lyk soos volg:

Graad 8
Tweede plek : Mieke van Dorp
Derde plek : Sumari Smit

Graad 9
Eerste plek : Evert Smit
Tweede plek : Andrea Mouton
Derde plek : Tashlyn Engelbrecht

Graad 10
Eerste plek : Emily White
Tweede plek : Charlé Mouton
Derde plek : Ian van der Linde

HSH het hier basies skoonskip gemaak! Knap gedaan aan die leerders! Dit is ook 'n getuigskrif van ons knap taalonderwysers.

## 3. **Trollieprojek**

HSH se Trollieprojek het meer as R75 000 ingesamel. Ons is ongelooflik dankbaar vir elke bydrae en vir die fenominale eindpoging. Elke sent gaan gebruik word tot die voordeel van ons leerders en in hierdie geval vir die opgradering van die Verbruikerstudieklas. Die pryswenners was soos volg:

Laerskoolleerders wat die meeste geld ingesamel het:

1ste prys : Lea Steenkamp
2de prys : Emma Dettmer

Hoërskoolleerders wat die meeste geld ingesamel het:

1ste prys : Michael Scullard
2de prys : Heinrich en Tiaan Ebing

Die gelukkige trekking van die vol lootjievorms vir die Drone was Tiaan Kleynhans

Die klas wat die meeste geld per capita ingesamel het was die Graad 4-klas.
Die gelukkige trekking vir die trollies was soos volg:

1ste prys – vol trollie met heel skaap : Loaann Burger
2de prys – vol trollie met kruideniersware : Sedrick Farmer
3de prys – vol trollie met kruideniersware : Phoébe Melck
4de prys – vol trollie met kruideniersware : Chris Thiart

## 4. **Graad 7-afsluiting**

Ons Graad 7-leerders is vanjaar weereens bederf met ‘n heerlike afskeid. Hoewel slegs een van die graad sewes HSH verlaat, was die gevoel gewees dat daar tog gegroet moes word. Hulle verlaat immers die laerskool en betree ‘n nuwe fase – die hoërskool. Ja, enige verskoning vir ‘n partytjie! Dit was verseker ‘n lekker partytjie en die aand is afgesluit met ‘n paar grillerige spookstories. Baie dankie aan Phoébe Melck, Anneke Basson en die Graad 7 VRL-ouers wat hierdie spesiale aand vir ons Graad sewes moontlik gemaak het.

## 5. **Sponsors’ Evening**

Our annual Sponsors’ Evening was once again a resounding success. The value of sponsorships and donations received exceeded R310 000. We simply can not believe the extent of support received during the run of this evening. Once again a huge thank you to all our sponsors for their unwavering and continuous support. Johan Coetzé and Anneke Basson deserve much more than a pat on their shoulders. Their hard work ensured the success of this evening.

## 6. **HSH-Omgeeprojek**

Ons leerderleiers en hulle skakelonderwysers het gevoel dat hulle vir oulaas wil wys waar die HSH-familie se harte lê met ‘n Omgeeprojek wat vir plaasskool leerders van die omgewing ‘n Kerspartytjie gaan reël. Dis nou een ding van ‘n Hopefielder – jy moet nooit dink dis ‘n myl te ver nie! Baie, baie dankie dat julle teen die einde van die jaar nog energie het vir omgee!

7. **Beplanning 2020**

Die skoolbestuur is kliphard aan die beplan vir die volgende jaar en ons wil regtig ouers aanmoedig om die skool te kontak met vars, nuwe idees t.o.v. hoe ons HSH nog ‘n beter skool kan maak. Ons luister graag na julle, veral rondom kreatiewe idees vir fondsinsamelings.

8. **Handing out of report cards**

Report cards will be handed out to learners on Wednesday, 4 December. Learners will report to school in school uniform for final assembly at 08:00. After assembly, learners will go to their register classes to receive their report cards. **To adhere to WCED instructions, no report card will be faxed or e-mailed. Report cards will only be handed to learners or their parents. Report cards not fetched will be mailed.**

9. **Appèlproses**

Indien ‘n leerder aan die einde van die jaar nie suksesvol vorder na die volgende graad nie en ‘n ouer **sonder redelike twyfel kan bewys** dat daar onregmatig opgetree is, kan appèl by die skool ingedien word. Appèlle sal tussen 15 en 17 Januarie 2020 hanteer word.

10. **Resolusie 1: 100% HSH**

Tydens die Begrotingsvergadering is die volgende resolusie eenparig deur die ouers teenwoordig aanvaar: ‘n Minimum maandelikse betaling van R250 skoolgeld deur alle HSH-ouers word aanvaar. **Gesien in die lig dat daar in die 2019 boekjaar R2 126 283,00 afgeskryf is a.g.v. kwytskeldings**, asook die kwaliteit onderrig wat alle leerders by HSH ontvang, word ‘n beroep op ouers wat vrystelling ontvang gedoen om hierdie minimum betaling te doen van R250 per maand. Hierdie resolusie is nie afdwingbaar nie, maar ons doen ‘n beroep op ouers wat vrystelling ontvang om ook hulle 100% vir HSH te gee en sodoende ‘n bydrae te lewer tot die skep van ‘n uitnemende skool.

11. **Begroting 2020**

Die volgende skool, bus- en koshuisgelde is eenparig deur die ouers teenwoordig by die Begrotingsvegadering gehou op 17 Oktober, goedgekeur.

Hoërskool Hopefield - Tariewe 2020

| | OPSIE 1 | OPSIE 2 | OPSIE 3 |
|---|---|---|---|
| **SKOOLFONDS** | **TARIEF PER JAAR** | **PER 10 MAANDE** | **PER 11 MAANDE** |
| GR R TOT GR 12 | 16,500.00 | 1,650.00 | 1,500.00 |
| RESOLUSIE 1 | 2,750.00 | 275.00 | 250.00 |
| **BUS** | **TARIEF PER JAAR** | **PER 10 MAANDE** | **PER 11 MAANDE** |
| LANGEBAAN | 12,298.00 | 1,230.00 | 1,118.00 |
| VREDENBURG | 12,298.00 | 1,230.00 | 1,118.00 |
| LANGEBAANWEG | 10,263.00 | 1,027.00 | 933.00 |
| SALDANHA | 13,915.00 | 1,392.00 | 1,265.00 |
| VELDDRIF | 13,915.00 | 1,392.00 | 1,265.00 |
| ST HELENABAAI | 15,554.00 | 1,556.00 | 1,414.00 |

**Volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 is skoolfonds jaarliks vooruitbetaalbaar.*
*Afbetaling oor 'n 10 of 11 maande periode word as 'n vergunning beskou.*

| **KOSHUIS** | **TARIEF PER JAAR** | **PER 10 MAANDE** | **INSKRYWINGSFOOI** |
|---|---|---|---|
| HUIS EUREKA | 20,141.00 | 2,015.00 | 300.00 |
| HUIS WALTERS | 20,141.00 | 2,015.00 | 300.00 |

Alle tariewe is per kind.

Ouers word ook ingelig dat die Beheerliggaam besluit om die skool se Toyota Hiace bussie te vervang met ‘n Quantum. Die ouderdom het die Hiace ingehaal en ter wille van ons leerders en opvoeders se veiligheid en gemak, is die besluit geneem om ‘n splinternuwe bus aan te koop.

| BEGROTINGS ITEM | 2019 | 2020 | % van Totaal |
|---|---|---|---|
| Salarisse | 7 669 | 8 136 | 49% |
| Vrystellings | 2 518 | 2 909 | 18% |
| Buitedienste | 1 034 | 1 146 | 7% |
| Onderhoud & herstelwerk | 1 032 | 1 163 | 7% |
| Administratief | 890 | 914 | 6% |
| Munisipale dienste | 805 | 771 | 5% |
| Opvoedkundig | 600 | 657 | 4% |
| Kultuur | 292 | 289 | 2% |
| Sport | 205 | 379 | 2% |
| Kapitale uitgawes | 201 | 136 | 1% |
| TOTALE JAARLIKSE BYDRAE | 15 246 | 16 500 | |

Ek wil afsluit deur te sê dat daar met die skrywe van hierdie nuusbrief nog net 29 dae oor is voor vakansie. Die blote feit dat self ek die dae aftel, is ‘n duidelike bewys dat die skoolhoof van hierdie skool nou ook effens opgewonde raak oor die vooruitsigte van ‘n vakansie. Intussen is daar nog ‘n paar opdraandes, driwwe, heuwels en doringdrade om te oorkom. Maar dit sal ook verbygaan! Byt vas, leer hard en Woensdag, 4 Desember gaan ‘n vreugdevolle dag wees!

Voorspoed!

Wehan Fourie (Skoolhoof)

WAARDE VIR KWARTAAL 4 – INTEGRITEIT!

WE DO ORDINARY EXTRA-ORDINARILY!

PROGRAM: 11 November 2019 tot 6 Desember 2019

It's amazing how small your problems really are when you think somebody lost their mother today, somebody's spouse was diagnosed with cancer, a hard working person lost their only income and has a family to support. Even on a bad day you have to realize how fortunate you really are. Be thankful!

**MAANDAG, 11 NOVEMBER 2019**

Terreindiens: FR JvZ RL HB

Sementblad: Hoërskool

**Matriek: 09: 00-11:30**

**Life Science Paper 2**

**Matriek: 14:00—17:00 EGD Paper 1**

**DINSDAG, 12 NOVEMBER 2019**

**Fin. Kom. Vergadering 18:00**

**Gr 1 Inligtingsvergadering**

**18:00 (verpligtend vir alle Gr 1 ouers)**

**Matriek: 14:00-17: 00**

**Consumer Studies**

**Sone-atletiek Beplanningsvergadering**

**WOENSDAG, 13 NOVEMBER 2019**

**Matriek: 09:00-11:00**

**Afrikaans First Add Lang Paper 2**

**09:00-11:30 Afr Home Lang Paper 2**

**Kring Finansiële Beampte besoek skool**

**DONDERDAG, 14 NOVEMBER 2019**

Kopskuif 14:00 (Beyerskloof)

**Alle laerskoolvraestelle in kluis**

**VRYDAG, 15 NOVEMBER 2019**

Skooverbeteringsplan en SIM afgehandel

Prospektusse uit na nuwe leerders

Detensie: EK

**Matriek: 14:00-17:00**

**CAT Paper 2 (Theory)**

**SATERDAG, 16 NOVEMBER 2019**

Tweekamp Bonnievale

**SONDAG, 17 NOVEMBER 2019**

**MAANDAG, 18 NOVEMBER 2019**

Terreindiens: JR MN CO BA

Sementblad: Laerskool

Laerskool Eksamen begin

**Matriek: 14:00—17:00**

**Engineering Graphics and Design Paper 2**

**DINSDAG, 19 NOVEMBER 2019**

**WOENSDAG, 20 NOVEMBER 2019**

**Matriek: 09:00-12:00**

**Tourism**

Mini Krieket (Vredenburg)

**DONDERDAG, 21 NOVEMBER 2019**

**Matriek: 14:00-17:00**

**Visual Arts**

**VRYDAG, 22 NOVEMBER 2019**

Gr.12 Vakkeuse vir 2020 afgehandel

Detensie: ML

**Matriek: 09:00-11:30**

**Afr First Add Lang**

**Paper 3**

**09:00-11:30**

**Afr. Home Lang Paper 3**

Handing in of School Budget at Circuit Office

Prysuitdeling vir ATKV Opstelwedstryd (Hoedjiesbaai Hotel 19:00)

**SATERDAG, 23 NOVEMBER 2019**

**SONDAG, 24 NOVEMBER 2019**

**MAANDAG, 25 NOVEMBER 2019**

Terreindiens: NvT GL SS MS

Sementblad: Hoërskool

**DINSDAG, 26 NOVEMBER 2019**

**Matriek: 09:00-11:30**

**Eng First Add Lang**

**Paper 3**

**09:00-11:30**

**Eng. Home Lang. Paper 3**

**WOENSDAG, 27 NOVEMBER 2019**

**Matriek: 09:00-12:00 Music Paper 1 (Theory)**

**14:00-15:30**

**Music Paper 2 (Comprehension)**

**Hoër– en laerskooleksamen eindig**

**Grondslagfase punte in**

**DONDERDAG, 28 NOVEMBER 2019**

28 **NSC-exams end**

SGOS-vergadering

**Puntebespreking vir**

**laer– en hoërskool**

**Matriek: 14:00-17:00**

**Design**

**VRYDAG, 29 NOVEMBER 2019**

**Prefektekampe vir laer- en hoërskool-leerders hierdie naweek**

Detensie: ARo

**SATERDAG, 30 NOVEMBER 2019**

**SONDAG, 1 DESEMBER 2019**

Gr.12 Merkfase begin

**MAANDAG, 2 DESEMBER 2019**

Terreindiens: HdB ALab

AvdW RLint

Sementblad: Laerskool

**DINSDAG, 3 DESEMBER 2019**

**Progressie en Promosievergadering met Kringbestuurder 11:00**

**SBL afsluitingsfunksie**

**Subject changes for**

**Gr 12 (2020) close (Maximum 1 subject)**

Oorhandigingsvergadering

Gr R—5

## WOENSDAG, 4 DESEMBER 2019

**SKOOL SLUIT VIR LEERDERS**

**School opens @08:00 and closes @ 09:00.**

Report cards handed out to learners after Assembly

## DONDERDAG, 5 DESEMBER 2019

**Personeelafsluitingsfunksie**

## VRYDAG, 6 DESEMBER 2019

SKOOL SLUIT VIR OPVOEDERS

**Jy het 2019 oorleef!!!**